

# Story Power.

## Bring dit huis toe.

Om vir jou kinders stories te lees en te vertel is een van die kragtigste geskenke wat jy vir hulle kan gee. Die stories wat ons as kinders hoor en lees, help om ons te vorm. Maar daar is ook baie ander voordele wanneer ons stories met kinders deel.

### 15 BELANGRIKE VOORDELE VAN STORIES

1. Om stories te deel help om 'n band met ons kinders te bou. Dit sê vir hulle ons dink hulle is belangrik genoeg dat ons tyd sal maak om saam met hulle stories te lees en te vertel.
2. Stories help om hulle verbeelding en kreatiwiteit te stimuleer.
3. Stories help om kinders se taal en denke te ontwikkel, veral wanneer hulle dit in hul huistale hoor of lees.
4. Stories gee vir kinders voorbeelde van hoe mense die uitdagings waarvoor hulle te staan kom, hanteer.



### VERTEL VIR ONS JOU STORIE

Hoe het boeke en stories jou lewe en jou kinders se lewens beïnvloed? Het hulle jou gehelp om 'n moeilike situasie aan jou kind te verduidelik? Of het 'n gunstelingstorie jou kinders aangemoedig om te lees en hulle gehelp om beter te lees by die skool? Vertel vir ons op Facebook ([www.facebook.com/nalibaliSA](https://www.facebook.com/nalibaliSA)), of Twitter ([www.twitter.com/nalibaliSA](https://www.twitter.com/nalibaliSA)) deur die hutsmerker #StoryPower te gebruik, en ons kan moontlik in ons lees-voor-genot bylae of op ons webwerf sê hoe stories 'n impak op jou lewe gemaak het.

5. Kinders wat dit geniet as daar by die huis vir hulle gelees word, sal meer gemotiveerd wees om self te lees. Wanneer kinders gemotiveerd is, leer hulle makliker.
6. Teen die tyd dat kinders twee jaar oud is, het hulle reeds 75% geleer van dit wat hulle in hul leeftyd sal leer. So, of jou baba nou aan 'n kartonboek kou, of jou kleuter wil hê jy moet dieselfde storie weer en weer vertel, dit bly waar dat wanneer julle stories lees en vertel, doen jou kinders noodsaaklike kennis oor taal en stories op waarby hulle ook later sal baat.
7. Om hardop vir kinders te lees is dié belangrikste aktiwiteit om die kennis en vaardighede te bou wat hulle uiteindelik nodig sal hê om te leer lees.
8. As jy elke dag net 15 minute vir jou kinders lees, kan dit hulle aan een miljoen geskrewe woord per jaar blootstel!
9. Die vertel en lees van stories stel kinders bloot aan 'n spesiale vorm van taal wat ryk en kompleks is. Dit verdiep hulle kennis van taal en hoe ons dit gebruik, en bied aan hulle nuwe maniere om hulself uit te druk.
10. Navorsing toon dat kinders vir wie daar by die huis gelees word voordat hulle skool toe gaan, meer waarskynlik sukses sal behaal op skool.
11. Kinders is meer geneig om lesers te bly in huise waar boeke en lees na waarde geskat word.
12. Kinders wat stories hoor, of die stories nou vertel of gelees word, sal eerste abstrakte konsepte vorm in verskillende vakke op skool. Met ander woorde om na stories te luister, maak jou slimmer!
13. Kinders wat baie lees, in plaas daarvan om televisie te kyk, kan langer konsentreer.
14. Die kinders van ouers en versorgers wat glo dat lees iets is wat jy vir plesier doen, sal meer positiewe sienings oor lees hê as daardie kinders wie se ouers dink dat lees slegs 'n stel vaardighede is.
15. Wanneer stories en lees vir kinders goed voel, word hulle lesers. 'n Mens herhaal dinge wat vir jou genotvol is.



Besoek ons by: [www.nalibali.org](http://www.nalibali.org) | [www.nalibali.mobi](http://www.nalibali.mobi)  
[www.facebook.com/nalibaliSA](https://www.facebook.com/nalibaliSA) | [www.twitter.com/nalibaliSA](https://www.twitter.com/nalibaliSA)

